Towerlantern Fotografie

fotografienuus

oktober 2019

"Potchefstroom se mooi rivier"
Lensopening f4,5; Sluiterspœd 1/6 sekonde; Fokale lengte 75 mm

Baie van ons lesers is afkomstig van Potchefstroom of naburige dorpe, en ander bly weer verder weg – tot selfs by die see. Waar jy ook al bly, besef jóu stad, dorp of plaas het ook sy mooi karakter. Elke plek, tot die kleinste gehuggie, het sy fotomoontlikhede. Sien dit altyd raak!

So het Potchefstroom sy Mooirivier, wat soms mooi is – vandaar ons titel – maar ongelukkig soms ook minder mooi. Gelukkig is daar woonbuurte in Potchefstroom, aangrensend aan die rivier, waar die inwoners hulle daarop toelê om hul deel van die rivier mooi en skoon te hou.

Die voorbladfoto vertel ook iets anders, en dit is: Probeer om iets onwerkliks met jou foto's te skep, soos hierdie idilliese toneel. "Onwerklik" bedoel hier die foto hoef nie soos die werklikheid te lyk nie. Dit moet veel eerder die gevoel of indruk van dit wat jy sien, uitdruk. Dit is minstens een vorm van kuns. Lees verder ook meer hieroor in hierdie uitgawe.

Johan

Redakteur: Johan de Klerk
Bladuitleg: Fransa Vorster van Colourcode Designs

Wil jy graag 'n bydrae lewer tot Towerlantern se nuusbrief? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor!
Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie.
Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.

voorbladfoto

Enige plek het sy opwindende fotogeleenthede, die fotograaf moet daarna soek. In Potchefstroom en omgewing het ons gelukkig 'n paar sulke plekke: die Mooirivier, die Botaniese tuin van die universiteit, die akkerlaan en, in die distrik, 'n gedeelte van die Vredefort-koepel. Kyk gerus by https://af.wikipedia.org/wiki/Vredefort-koepel vir meer inligting oor laasgenoemde. Doen ook die moeite om op internet na meer foto's hiervan te kyk deur die soekterm *Vredefort dome* te gebruik.

Maar terug by die Mooirvier en ons voorbladfoto. Vir diegene wat dit nie weet nie, hierdie rivier (vir sommige net 'n stroom) vloei van noord na suid deur die dorp. Deur die jaar is daar verskillende tipes fotomoontlikhede; die voorbladfoto is een so 'n moontlikheid – idillies en onwerklik. 'n Ondernemende fotograaf sou selfs so ver kon gaan om deur die jaar die verskillende luime van die rivier vas te vang.

As jy in of naby Potchefstroom woon, besoek gereeld dié rivier. As jy verder weg bly en tog soms hier kom, doen navraag oor die beste fotoplekke.

Wat die fototegniek van die voorbladfoto betref, lees verderaan hoe om dit te doen. En moet tydens nawerking nie huiwer om maar bietjie kleur ook by te voeg nie, veral in die droër maande.

SKEP *onwerklike* TONELE

Hœ skep jy 'n onwerklike toneel met jou kamera as jy net die werklikheid om jou sien? As jy jou kamera ken is dit dood maklik!

Hœkom wil 'n kunstenaar 'n onwerklike toneel skep? Het jy al daaraan gedink dat as jy dit met jou kamera dœn, jy skeppend is en iets gaan produseer wat niemand anders jou ooit sal kan nadœn nie. Trouens, jy sal die presiese toneel self ook nie weer kan nadœn nie.

Dit mœt dadelik gesê word dat daar baie maniere is om onwerklike foto's te skep. Wat werkwyse betref, kan twee groot tegniektipes onderskei word, naamlik met

- ✓ die kamera en
- ✓ 'n fotoverwerkingsprogram.

Ons gesels verder net oor eers-genœmde met die wete daarby dat ligte fotoverwerking, soos onder andere snywerk (Engels: *cropping*) en kleur-versadiging, wel in orde is.



Ontfokussering

Hier is enkele tegniekvoorstelle:

- ✓ Gebruik 'n groot lensopening.
- ✓ Gebruik 'n lang sluiterspœd.
- ✓ Fotografeer waterweerkaatsings.
- ✓ Beweeg die kamera effens.
- ✓ Ontfokusseer die kamera bietjie.

Kyk verderaan na enkele voorbeelde. Bestudeer ook die riglyne vir die skep van onwerklike beelde. Stuur beslis van jou pogings vir evaluering en/of plasing. Ons help graag.

Towerlantern Fotografie
– oktober 2019 –

Voorbeelde van onwerklike tonele



En as jy na nog idees soek (ook met swaar verwerking van foto's), gaan na die volgende adres: https://bit.ly/2mNPkKt

Towerlantern Fotografie
- oktober 2019 -

RIGLYNE om onwerklike tonele te skep

Ons neem aan jy is by 'n plaasdam, spruit of rivier met 'n mooi boom- of bosweerkaatsing, of iets dergeliks. Ons neem aan daar is effense kabbelings op die water (of skep dit self). Volg dan die volgende prosedure om 'n onwerklike weerkaatsingstoneel te skep:

Towerlantern Fotografie
- oktober 2019 -

Driepoot: Gebruik 'n driepoot.
Komposisie: Laat 90% van die komposie weerkaatsing wees en 10% werklikheid (byvoorbeeld œwer met gras). Die toneel se komposisie mœt so wees dat die foto na omkering 'n gœie komposisie sal hê.
Lensstelsel: Gebruik enige lens, afhangend van die toneel.
ISO: Begin by 'n læ waarde en pas aan.
Fotoformaat: Kies 'n geskikte formaat. My eerste keuse is landskapformaat.
Witbalans: Kies 'n geskikte witbalans.
Lensopening: Eksperimenteer met die lensopening. My keuse is eerder 'n groter as kleiner lensopening.
Fokussering: Fokusseer op dié punt wat die trefpunt mœt wees.
Sluiterspœd: Gebruik die kamera se liniaal vir gœie beligting.
Fotosessie: Neem heelwat foto's en eksperimenteer. Vir die finale produk mœt die foto onderstebo gedraai of onderstebo roteer word.

digitale fotografie

Heelwat van ons lesers kom uit die vorige eeu met sy filmfotografie; ander wonder miskien net oor hœ fotograwe vrœër foto's geneem gekry het en skud dan hul koppe oor so 'n domheid.

Digitale fotografie is relatief nuut, maar ook nie heeltemal so nuut nie. Die eerste verbyvlugfoto's van Mars, byvoorbeeld, is uit die Mariner 4-ruimtetuig geneem op 15 Julie 1965. Die foto's wat met die spesiale kamera in hierdie tuig geneem is, is aan boord verwerk deur 'n sogenœmde versyferaar (Engels: *digitizer*) en is as digitale beeld op band gestoor. Later is dié inligting met 'n stadige oordrag terug aarde tœ gestuur. Die foto's hierby gee 'n idee van hœ dit gelyk het en die getallepatroon bo- en onderaan hierdie bladsy wys hœ 'n versyferde binêre getalleteks tipies sou lyk. Kyk verder ook by http://s.telegraph.co.uk/graphics/projects/mars-first-photo-anniversary/index.html hœ verdere foto's gelyk het.

Die eerste digitale kameras soos ons dit ken is egter teen die laat 1990's bemark. Die oorgang van filmkameras na digitale kameras was aanvanklik stadig (soos met enige nuwe saak). Met die koms van selfone met ingeboude kameras (ongeveer 2007) het digitale fotografie gekom om te bly. Sedert 2010 het die bekende digitale kameras ook mededinging begin kry van die sogenœmde spieëllose kameras.

Lees by Wikipedia (sœkterm *digital photography*) die uitgebreide oorsig oor die ontstaan en ontwikkeling van digitale fotografie. Besef ook dat in die jare vorentœ nog baie veranderings gaan kom – nie net wat fotografie betref nie, maar ook op die gebied van baie ander tegnologiese terrreine. Die boodskap is: Staal jou daarvoor en wees dankbaar daaroor. En hou by met jou fotografiekennis.



Afgelope foto-uitstalling van Towerlantern Fotografie

Ons foto-uitstalling in die Potchefstroomse openbare museum het pas afgeloop en was 'n groot sukses. Ons sê baie dankie aan die personeel van die museum. En in die besonder 'n baie groot dankie aan al die uitstallers – volgende jaar maak ons DV weer so. Ter wille van deelnemers en lesers gee ons 'n paar van die opmerkings wat in die besœkersbœk aangeteken is:

- ✓ Meesterlik! Sielsverrykend!
- ✓ Die wêreld in 'n kamer. Pragtig.
- ✓ 'n Wonderlike wêreld vir mense wat met albei oë kyk.
- ✓ Ongelooflik! Inspirerend!
- ✓ We loved seeing the world through your eyes.
- ✓ Kan nie ophou kyk na almal se foto's nie; dis pragtig.

En dan hierdie wonderlike anonieme juweeltjie:

- ✓ Ons ma se foto's is die mooiste, maar al die werke is fantasties!

As jy hierdie jaar uitgestal het, begin nou reeds om 'n versameling op te bou vir volgende jaar.

EN

As jy nie hierdie jaar uitgestal het nie, begin nou reeds om 'n versameling op te bou vir volgende jaar.

Op internet gesien: snaakse idees

Is jy sommer net lus vir allerlei prettige foto's? Kyk dan by https://youtu.be/xuDJYWmLFRc vir baie idees, soos die een hier regs.

Towerlantern Fotografie
– oktober 2019 –

WAARDERING VAN LESERS

Ons haal met groot danbaarheid 'n gedeelte aan uit 'n brief van ons fotografievriend Frans van Heerden wat in Kœweit woon en by Kuwait Petroleum Corporation and Subsidiaries werk:

"Ek wil net kortliks skryf en jou opnuut gelukwens en bedank met jou maandelikse uitgawe van Towerlantern wat ek elektronies ontvang. Dis 'n lekkerlees publikasie en dit is werklik iets waarop jy baie, baie trots kan wees. Dit lewer verseker 'n bydræ tot die uitbou van die kunsvorm.

"Die publikasie is 'n leeservaring van sy eie en dis heerlik en baie aangenaam om dit maandeliks te ontvang. Telkens wanneer ek dit gelees het beleef ek 'n ongekende onrustigheid in my. Dan weet ek baie gœd dat dit weer tyd geword het dat ek agter my kamera mœt gaan wegkruip en sœk na iets wat ek in beeld wil onthou.

"Dis regtig 'n inspirerende publikasie wat met groot aandag en oorweging saamgestel word. Ek hoop uit my hart dat die inisiatief sommer nog lank vol lewe sal bly. By al die mooi en die gœd van die publikasie, dœn jy ook wonderlike werk om ons Afrikaanse taal te bevorder. Baie dankie vir jou bydræ."

Hiermee ons dank aan Frans.

foto wenk

Hier is 'n oulike wenk vir wanneer jy met jou kamera of selfoon rondloop op sœk na foto's: Neem klein itempies af en stel dit as 'n collage saam in 'n enkele foto.
Dit is presies wat Dorette Cilliers in 'n tuin gedœn het; met dank aan haar. Dœn dit na en stuur vir ons jou foto's. As jy wonder, Dorette het dit gedœn met die selfoon-tœpassing PicsArt.

Om te verkoop of nie

Frans van Heerden

Op die internetruimte *Pexels* (https://www.pexels.com/) kan fotograwe hul foto's oplaai en enige gebruiker kan die foto's dan aflaai en gebruik sonder om hœgenaamd daarvoor te betaal. Ek het ongeveer twee jaar gelede daar begin oplaai. Ek geniet dit om te sien hœ my kykersgetalle daagliks tœneem, en om te sien hœveel derduisende gebruikers my foto's vir een of ander rede, aflaai en benut.

As daar ooit 'n geleentheid was van "werp jou brood op die water" dan is dit, wat my aanbetref, juis hier. Een van die mense wat een van my foto's afgelaai het, het 'n vrywillige donasie van $5 gemaak. My foto verskyn as beeldmateriaal op sy Gospel CD. Ek was regtig verheug om dit te kon verneem en te kon weet ek maak daar 'n bydræ.

"To sell or not to sell" is 'n mœilike kwessie en besluit. Ek dink dit sal 'n interessante debat afgee want na alles, hœkom neem ek foto's as ek dit op 'n bergplek slegs vir my eie genot wil hou?

Van die redaksie af

Van die redaksie se kant af stel ons hierdie saak oop vir bespreking: Mœt ek as fotograaf my fotografiekuns weggee en tœlaat dat wie ookal, dit gebruik en selfs wangebruik? Of, mœt ek my fotografie bloot net op 'n tœstel berg, wat ek alleen van tyd tot tyd kan geniet?

Die redaksie verneem graag opmerkings oor hierdie saak.

NUUS VAN TOWERLANTERN FOTOGRAFIE

Eerstevlakkursus: Ons volgende en laaste kursus van 2019 word beplan om te strek van 16 Oktober tot 14 November 2019. Kennisgewings is reeds uitgestuur. Jy hœf werklik niks van fotografie of van jou kamera te weet om hiervoor in te skryf nie. Al wat nodig is, is 'n SLR-kamera.

Aanlynkursusse: Beide die eerstevlak- en gevorderdevlakkursus is ook aanlyn beskikbaar. Die voordele van dié kursusse is dat jy (binne perke) dit op jou eie tyd kan dœn. Omdat dit aanlyn is, kan jy dit dœn waar jy ook al in die wêreld bly – solank jy net Afrikaans ken. En dan is dit ook 'n gœie geskenk vir 'n geliefde; onthou Kersfees is nie meer te ver nie!

Spesialiskursus: Ons het hierdie jaar ook met 'n derdevlakkursus begin en ons beplan om dit DV volgende jaar voort te sit. Gedurende hierdie jaar het ons tot dusver reeds besondere aandag gegee aan landskap- en makrofotografie. Tans is ons besig met impressionistiese fotografie. Ons sal ongeveer by dieselfde genres volgende jaar bly. As jy reeds teen die einde van 2019 die gevorderdevlakkursus gedœn het, kan jy met dié kursus verder gaan. Oorweeg dit solank vir 2020.

Selfoonkursus: Hœwel Towerlantern se eerste fokus op die onderrig van die gebruik van SLR-kameras val, sien ons ook watter groot rol selfoonkameras deesdæ speel. Daarom het ons gedurende die afgelope maande reeds twee selfoonkamera-kursusse aangebied. Ons sal DV in die tœkoms, en juis in 2020, nog meer aandag aan dié saak wil gee. Elke leser besef seker ook dat 'n selfoonkamera nie net meer gebruik word vir die neem van foto's nie, maar dat dit ook in 'n sekere mate die rol begin vervul as kopieer- en skandeermasjien. Hou jou e-posse dop en laat weet ons as jy (dalk saam met 'n grœp) so 'n kursus sal wil bywoon.

Towerlantern Fotografie
– oktober 2019 –

Mooirivier Kersmark: Die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos hou jaarliks hul Mooirivier Kersmark teen die einde van November, begin Desember. 'n Groot verskeidenheid artikels word te koop aangebied. As jy dus begin dink aan Kersgeskenke, hou dit in gedagte. Towerlantern Fotografie sal self ook 'n stalletjie beman. Vir ons gaan dit nie in die eerste plek om ware te verkoop nie, maar om Towerlantern se naam wyer bekend te stel. Verdere inligting sal in ons volgende uitgawe gegee word.